# Onontbeerlike bron by navorsing oor familiegeskiedenis

GENEALOGIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (samesteller en uitgewer)
*Suid-Afrikaanse genealogiese verwysingsgids / South African genealogical reference guide.*
Verkrygbaar van die uitgewer, Suite 143, Postnet X2600, Houghton, 2041
274 bladsye
1999
ISBN 0 620 23649 3

Hierdie tweetalige publikasie bestaan uit vier dele. Deel I, wat byna twee derdes van die boek beslaan, bevat 'n lys van navorsers en hul belangstellingsvelde, dit wil sê die families waaroor hul navorsing doen. Die lys is egter nie alfabeties volgens die navorsers se vanne gerangskik nie, maar volgens die familiename (vanne) waaroor navorsing gedoen word. By verskeie familiename is daar dan ook meer as een inskrywing. Op hierdie manier is dit maklik om vas te stel of daar iemand is wat genealogiese inligting oor 'n betrokke familie tot sy beskikking het. Die navorsers se adresse, wat dikwels telefoon- en faksnommers en selfs e-posadresse insluit, word verskaf. Die lys beslaan ongeveer 2000 familiename en dit lyk of die aantal navorsers wat vermeld word byna net so omvangryk is. Waar die belangstelling in Geskiedenis as skool- en universiteitsvak in Suid-Afrika tans 'n laagtepunt bereik het, is dit beslis verblydend om te verneem dat daar nog soveel mense is wat in familiegeskiedenis belangstel en met historiese navorsing besig is.

Deel 2 bestaan uit 'n tweede lys van familiename en navorsers, waarvan sommiges ook in deel I voorkom. Die verskil met die eerste lys is dat hierdie navorsers almal oor e-pos-adresse beskik en dat die lys ook op 'n webwerf (http://home.global.co.za/ ˜mercon/) beskikbaar is.

Deel 3 bevat 'n lys van sowat 1 000 genealogiese publikasies en manuskripte wat in biblioteke, privaatversamelings en by die kantore van die Genealogiese Genootskap beskikbaar is. Die lys is ook gerangskik volgens die familiename waaroor in die geskrifte gehandel word. Die outeur en jaar van verskyning word telkens aangedui. Dit is jammer dat daar nie ook vermeld word waar elke geskrif te vinde is nie. Waarskynlik sal die Genealogiese Genootskap kan help met die opsporing van die geskrifte wat nie in sy eie besit is nie. Dit is verbasend dat daar soveel oor Suid-Afrikaanse families geskryf is. (Hierby kom ook nog die artikels in die Genealogiese Genootskap se blad *Familia*, wat nie in hierdie lys opgeneem is nie.) Deel 3 bevat ook hierbenewens enkele korter lyste met algemene publikasies van genealogiese waarde.

In die vierde deel, wat slegs enkele bladsye beslaan, word die adresse van die Genealogiese Genootskap se streektakke en van ander genealogiese organisasies, soos die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika in Stellenbosch en die Joodse Genealogiese Genootskap, en ook van familiebonde verstrek.

Dit lei geen twyfel nie dat hierdie gids 'n baie nuttige publikasie is. Dit is beslis onontbeerlik vir enigiemand wat navorsing oor familiegeskiedenis wil doen.

P. de Klerk
*PUCHO (Vaaldriehoekkampus)*